

Tussen my baadjies in die kas is 'n houtklerehanger met 'n wit naamplaatjie waarop gedruk staan: *Springs Outfitters (Pty) Ltd*. Te oordeel aan die telefoonnommer dateer die hanger uit die 1960s. Dis 'n raaisel hoe dit só lank in my besit gebly het.

Ek weet ook nie of die onderneming steeds bestaan nie; dit het in die 1950s aan 'n vriend van my Pa, een van sy hengelvriende Frik van der Westhuizen behoort. Dit is by Frik se winkel waar Pa klere gekoop het, in later jare ook vir ons seuns – selfs ons kortbroekpakke vir kerk!

Ek is die oudste van vier broers. Ons het in Springs grootgeword, op die Daggafonteinmyn waar Pa Sam die hoof van die staatsmynskool was. Dit was reeds 'n gevestigde myn wat waarskynlik uit die vroeë 1900s dateer het.

Oor mynbewoners merk die bekroonde skrywer en Nobel-pryswenner vir Letterkunde Nadine Gordimer – 'n boorling van Springs, in die boek 'On the Mines' deur die gevierde fotograaf David Goldblatt snedig op:

"We were just like one big family in those days. What other way could there have been of making a community in that emptiness, that memoryless place? It was an autocratic family, of course, and the social hierarchy, based on the hierarchy of working importance, provided the sense of order."

Daar was inderdaad 'n soort rangorde, maar as kinders het ons dit misgekyk – of was minder bewus daarvan. Ja, die algemene bestuurder se huis was indrukwekkend met groot houthekke en gemanikuurde tuine. Daarteenoor het ander personeel in ou skakelhuse gewoon. Ons huis in Nagtegaalstraat was losstaande en effe ruimer, maar ook nie veel nie.



Pa Sam met die eerste van vier seuns; ek sit heel voor. Die foto is moontlik deur Ma Grieta in Selectionpark, Springs, geneem.

Ons het die myn allermins as 'n geheulose plek ervaar. In teendeel, dit was groot pret.

Gordimer van wie ek eers jare later op universiteit sou kennis neem, skryf immers die myn het 'n sterk indruk van sekuriteit gebied. Amptenare daar "woon in mynhuise op myngrond, word deur 'n myndokter in die mynhospitaal behandel, ontmoet gereeld in die Rec [ontspanningsklub: Rec, afkorting vir 'recreation club'] vir geselskap, speel tennis en sokker op die myn se sportterrein" (my parafrasering). 'n Mens kon vanaf jou doop tot by aftrede, skryf sy, veilig in die beskutting van die groot bloekombome op die myngronde bly.

Dis presies hoe ek Daggafontein ervaar het. Ons het met die windbuks jag gemaak op duiwe in daardie éinste bloekombome. Smiddae, oppad huistoe vanwaar die bus ons ná skool afgelaai het, het ons soms eers by die Rec-snoepwinkel 'likories-drop' ('liquorice') gekoop. Dalk 'n Wilson's toffie of kougom: 'n groot pienk Wick's of twee Chappies vir een sent – so 'n groot goudkleurige sent.

Ons ouers het min geld gehad, hoewel ek dit nie eintlik besef het nie. Hulle het elke maand 'n begroting in 'n swart Croxley-boekie sit en uitwerk. Vaagweg onthou mens gesprekke in die kamer oor petrolgeld, kruideniers, bande vir die kar, kinders se busgeld... Wat ons as koffie geken het, wat Pa graag gedrink het, was FG se koffie en sigoreimengsel wat Ma in 'n pot met flenniesak op die stoofplaat gebrou het.

Pa Sam was alleen-broodwinner; Ma Grieta het na ons welstand omgesien, klere versorg, gekook: 'n huisvrou – pleks van 'n gekwalifiseerde kraamsuster. Haar uitslae was in die pos toe sy in 1951 van wittebrood teruggekom het: met lof geslaag.

Ons seuns het huistake gehad; skottelgoed was en afdroë, skoene poets – wat ons gedeel het, sodat elkeen net Pa se linker- of regterskoen kry, nie albei nie. En tuinwerk: grassny, bome snoei. My Pa was besonder trots op sy tuin, veral sy eie perskes.

Ek was besonder lief vir fliëk. Daar was vertonings in die Rec en soms is ons as gesin na die inryteater in Brakpan. Maar Saterdag het ons seuns saam met maats per trein gaan fliëk. Daggafontein se stasie was seker 'n halfmyl (iets meer 500 meter) van die huis af, vanwaar ons 'n stoomtrein na Springs-stasie kon haal om na die Palladium-bioskoop in Derdestraat te stap.

By die Saterdag-vertoning was voorprente: *African Mirror of Movietone News* in swart-en-wit. Dan 'n vervolgfliëk: Tarzan of 'n Cowboy-prent of 'n riller. Dié is gewoonlik op 'n naelbytoomblik kortgeknip sodat jy volgende week weer bioskoop toe moes gaan. Die beste van die Sestigs was James Bond, gespeel deur Sean Connery.

Dit was die era van strokiesprente; ek was versot op Die Skim, en Afrikaanse fotoboekies: *Ruiter in Swart*, *Die Wildtemmer*, *Mark Condor*. En radiodrama's soos *Die Geheim van Nantes* en Jan Schutte se beminde *Die Du Plooy van Soetmelksvlei*. Baie jare later sou dr Jan Schutte by my en Anna aan huis in Buenos Aires kuier. Nog baie jare later, in 2010, sou ek 'n plaasbord '*Soetmelksvlei*' in Noordwes-provinsie sien; die eienaars was Du Plooy.

In ons ouerhuis was nie veel leesstof nie. Ma Grieta was lief vir lees, wat ek by haar geërf het. Maar die boekrak het min bevat: die Hobson-broers se 'Vlam van die Bantomberge' en 'Skankwaan van die Duine' – en vreemd genoeg Dale Carnegie se *Lincoln the Unknown*; dalk Pa Sam s'n.

Later het ek Jan van der Post se Boesman-verhale in die skoolbiblioteek ontdek, asook die Trompie-boeke. En nog later was 'n onuitputlike bron van leesgenot die Afrikaanse Kinderensiklopedie wat Pa van 'n verkoopman bestel het.



Ian Fleming se *From Russia with Love*, deel van die James Bond-reeks, was my eerste volwasse Engelse leesstof.

'n Ent agter ons Daggafontein-huis, anderkant die treinspoor was MacNab se melkplaas. Daar is dikwels 'n groot hoop groen ertjiedoppe van die inmaakfabriek op Springs as beesvoer afgelewer. Van daardie geblikte ertjies was soms deel van ons maaltye. My Ma kon in die vroeë-Sestigs nog nie motor bestuur nie en was dus aangewese op sulke blikkieskos om die gesin te voed. Ons kruideniersware is deur Gray Smith's uit die dorp afgelewer – dink net, aflewering is niks nuuts nie! Selfs die vleis was netjies in bruinpapier toegedraai en met 'n lyn vasgebind.

Die 1960s was 'n bloeityd, dink ek. Springs se goudmyne en fabriek het volstoom gewerk. Jy kan vandag nog van die besondere Art Deco-geboue sien waarvoor die dorp wêreldwyd bekend was, maar daardie blink jare is verby.

Vakansie en familie



Bo: Pa se foto van my en Ma Grieta, geneem iewers langs die kus – dalk naby Plettenbergbaai.

Baie vaag in my geheue is herinnerings van enkele vakansies by Pletterbergbaai, vermoedelik sodat Pa saam met sy vriende by Robberg of op 'n boot in die see kon hengel. Ons het by Monk's House-losieshuis tuisgegaan. Ma het sy vangste net 'n skewe kyk gegee en volstrek geweier om dit skoon te maak. As 'n Karoo-meisie het sy nooit werklik erg aan die see of vis as 'n gereg gehad nie.




Regs: Ma Grieta met die twee oudstes; ek is die een op die karretjie links. Sy het as Karoo-meisie geen voorliefde vir die see gehad nie, ondanks die indruk wat hierdie foto skep.

Sommige jare kon ons Ma se Van der Vyver-broers en ander familie in die Laingsburg-omgewing en Ladismith besoek. Hoe al die *vreemde* familie met ons verbind is, kon ek eers baie jare later met behulp van genealogie uitpluis. As ek dit maar vroeër begin doen het...!

Van die familie wat op Daggafontein kom kuier het, was Neef Koos Davel en sy vrou Lenie van Calvinia. Ook hierdie familiebande kon ek eers jare later uitpluis: hy was 'n neef van Pa wat ná die Anglo-Boereoorlog deur my Ouma Alida (Alie) en haar moeder grootgemaak is. (Ek het in 2012 'n FAMILIA-artikel oor hom geskryf). Hierdie waardige egpaar wat besonder belang gestel het in ons kinders se wel en wee was die ouers van die Afrikaanse skrywer Rona Rupert.

Ewe waardig was Oom Lukas Schoonees wat vir 'n tyd by ons tuisgegaan het. In dié tyd was ek betower deur sy poskaarte gevul met nuwe Afrikaanse woorde, in 'n netjiese fyn skrif gerig aan sy broer, die woordeboeksamesteller dr PC Schoonees. Hulle was neefs van my ouma aan moederskant, Martha van der Vyver (gebore Barnardt). In my klein-kleintyd het ek soms by Ouma en Ma Grieta se toe-ongetroude suster Johanna (genoem Nana) in hul huis in Selectionpark gebly.



Bo links: In my voorskooljare het ek soms by Ouma Martha in Selectionpark gebly. Middel: Drie boeties by Ouma Martha se huis; ek sit heel regs. Regs: Saam met Tannie Peggy, Pa se suster, in Nelspruit met Oom Dave (Edmund Davie) se helmhoede.

In my kinderoë was die familie almal so ryk – of arm, soos ons. Behalwe Pa se jongste suster Alida wat met 'n welgestelde boer van Carolina-distrik, Hendrik (*Baasman*) de Clercq, getroud was. In die wintermaande het hy sy skaap na sy Laeveldplaas *Doornhoek* naby Barberton getrek. Dáár het ons saam met Tannie Lida (ons het dit *Laida* uitgespreek) in die rivier visgevang. Ons het dan ook soms in Nelspruit by sy ander suster Martie (genoem Peggy) en haar man Edmund Davie (Oom Dave) gaan kuier, 'n veteraan van die Tweede Wêreldoorlog.

Elke Julievakansie het Pa ons DKW Auto Union 1000 S Coupé vir die langpad na Badplaas in die Oos-Transvaal gepak. Ek was ingenome met ons tweedeur-motortjie, vlapoeiergeel met 'n wit dak, en heel moderne ontwerp vir sy tyd. In genealogiese terme kan mens sê die DKW is 'n voorsaak van die moderne Audi – kompleet met die vier ineengevlegte ringe op die sierrooster.



Ons DKW Auto Union 1000 S Coupé het soos hierdie een gelyk - darem nuut uit die boks gekoop.

Om ses mense se bagasie te akkommodeer moes Pa 'n dakrak opsit. Ma het selfs haar stoempot, oftewel die drukkoker, Badplaas-toe gekarwei – heelpad op haar skoot.

Wat my altyd opgeval het, is hoe Pa sy pyp in die ry kon uitslaan, hopelik teen die deurhandvat. Hy kon ook die pyp met sy paraffinaansteker aan die gang kry. My vingers was alewig vol vuil tabakas wanneer ek die pyp vir hom uit sy baadjiesak moes haal – vandaar dat ek nooit gerook het nie.

Destyds was Badplaas dié uithangplek vir Afrikaners. Vir ons was dit heerlik vir wintervakansies. Gevoed uit 'n natuurlike warmbron was die swembad soggens soos 'n stoombad met digte 'mis' oor die oppervlak – waterdamp wat in die koue kondenseer. Pa het die rumetiekbad verkies, só warm dat jou vel rooi skroei!

Hy was seremoniemeester vir die meeste vakansieaktiwiteite: Mej Badplaas-kompetisie, swemgala, Boeresport en die talentaand. Die hele petalje het my erg ongemaklik gemaak. Maar hy was tuis op Badplaas; dis naby Carolina waar hy op die plaas *Vanwyksvlei* gebore is.

Ek het in later jare op daardie plaas na die voorsate se grafte gaan soek. Oupa Sampie na wie ek vernoem is, se graf het geen naam of datum nie, bloot 'n sementblad, gemaak van ou sement wat fyngemaal is. Dit was kort ná die Depressiejare, in 1934.

Die meeste selfsorghuisies se kombuis was met 'n koolstoof toegerus. Ons was gelukkig (seker deur Pa se kontak met die bestuur) om die enkele moderner huisie met 'n elektriese tweeplaat-stoof en gas te kry wat skynbaar as loodsprojek vir latere luukser wooneenhede gebou is. Naby die ontspanningsaal waar vermaak aangebied en Sondae kerk gehou is, was rondawels en gemeenskaplike kombuise, selfs 'n warmwaterdonkie, vir die aansienlike boeretentdorp.

Skool

Ons het 'n munisipale bus skool toe gehaal, Selectionpark Laerskool en later hoërskool in Geduld, oorspronklik 'n plaas van Paul Kruger. Ryp op die vaalgeel grasperk het jou tone behoorlik laat pyn oppad na die bushalte toe – skoene ten spyt.

Van laerskool onthou ek my eerste onderwyseres in 1959 was Juffrou Weyers; die hoof dr Strydom. Sy seun Fritz was saam met my in die klas.



Maandagoggende het almal op die sementblad voor die skool vergader waar dr Strydom op 'n platform sy aankondigings gedoen het. In antwoord op sy groet "Môre Skool" het ons in 'n singstem geteem: "Môôôre Dôôôktor!"

Reeds in die grade is ons padveiligheid geleer; op 'n baan naby die bekende PAM Brink-stadion waarop jy met handgebare op elke padteken moes reageer terwyl jy 'n driewiel fietsie "bestuur" het.

'n Verpleegsuster het by geleentheid vir ons 'n entstof by die skool kom gee om te sluk. Ek was reg om te verkas, soos ek voorheen uit die dorpkliniek straat af gehardloop het toe ons inentings moes kry. My jare lange vrees vir 'n tandarts is te wyte aan ou dokter Lewis in Brakpan wat deurentyd sê: "amper klaar, amper klaar" – terwyl sy tandboor vooraan 'n geartikuleerde arm met katrolletjies en kabeltjies skrilend fluit.

By die skool het ons elk 'n glasbotteltjie melk ontvang. Elke kind het darem toebroodjies gebring. Ek het eendag vir Ma gevra om vir 'n "arm seuntjie in my klas" wat nie kos bring nie 'n ekstra broodjie te pak, maar sonder Marmite – hy hou nie daarvan nie!

Ek het altyd die toebroodjie se korsie mooi bekyk, want Ma kon soms vergeet om die papiertjie onderaan die 'goewerment'-brood af te trek. Dié posseël-grootte stukkie papier was onderin die pan saam met die deeg gebak.

'n Winkelhaak-draai

Kort vóór ek hoërskool toe is, het Pa 'n verplasing na die nuwe Winkelhaakmyn naby Evander gekry. Dit het 'n skoon bladsy in ons lewe beteken: nuwe huis, nuwe maats, nuwe skool, nuwe avonture. Daar was 'n aantal damme en spruite in die omgewing vir visvang en kleilat gooi. Vir 'n skooltoer na die Kruger-wildtuin het ek sakgeld gespaar vir my eerste kamera, 'n Kodak Brownie Starmite, wat R7,95 gekos het! In later jare het Pa darem gehelp dat ek 'n Asahi Pentax Spotmatic F kon koop. Ek kon ook self die film ontwikkel en afdrucke maak, en sodoende 'n stokperdjie begin wat ek tot vandag beoefen.



Afdrukke van foto's uit my eerste kamera: Badplaas-kampvakansie in 1964 saam met ons Hamman-vriende. Ek is in die middel voor. Regs: Ons probeer 'n transistor-radio aan die gang kry.

Om 'n Patrysspeurder te kon word, was ek op die Patrys-tydskrif ingeteken. Daarvoor het ek 'n blink lapelknopie deur die pos gekry. Wat ons sou ondersoek, weet nugter!

Vier jaar later is ons terug na Daggafontein. Ongeag die feit dat die Hugenate Hoër Seunskool 15 km van Daggafontein was, het ons met die fiets soontoe gery, 'n rit van meer as 'n uur, maar dit was pret. Ek moes spaar om die 3-rat Raleigh by *Ideal Cycles* in Derdestraat vir R32 te koop. Pa het in kontant geglo omrede hy op "afslag" (korting) kon aandring. Raleigh-fietse is destyds in Springs vervaardig. Daarby moes ek 'n fietslisensie uitneem, waarskynlik enkele sente elke jaar.

Suid-Afrika het in 1961 van die Imperiale- na 'n metrieke stelsel omgeskakel: van ponde, sjielings en pennies na rand en sent. Een pond was R2 werd! Onse en ponde, pinte en gellings, myle, jaarts, voete en duime – alles het eensklaps verander.

Ek was g'n sportman nie. Ook nie gebou vir gimnastiek nie. Van syfers en wiskunde het ek min verstaan. Dit steek my na al die jare nog dwars in die krop dat die onderhoof die rotting kon inlê as sy Algebra vir ons Grieks was. My voorkeure was Geskiedenis en tale.

Musiek was beslis nie vir my nie. Wanneer die sangjuffrou voor my kom staan om te luister, het my "sang"-stem net ál sagter geword. Nie een in ons huis was musikaal nie; Pa het na langspeelplate van Mario Lanza, Jim Reeves en die Günter Kallmann-koor op die grammofoon geluister. En vir Ivan Rebroff is ons spesiaal Johannesburg-toe om die Rus se uitvoering in *His Majesty's* te sien. Ons seuns het darem die Beach Boys en Beatles begin luister, en Seven Singles of LP's (langspeelplate) van die Bee Gees, Tom Jones en Françoise Hardy (wie onthou nog die smeulende Franse popster?) bestel: om te gaan luister by my meisie Elize - nogal 'n tandarts se dogter!

Wetenskap en biologie was interessant. In die biblioteek het ek lank gesoek na die resepte vir buskruit. Al wat ek in die boeke kon vind, was illustrasies van primitiewe Chinese kanonne en vuurpyle. Die bestanddele sou ek wel later opspoor en met baie geduld kon ek die verhoudings uitwerk. Die gevolglike ontbrandings met 'n paddastoelwolk soos bokant Hiroshima het die hele wetenskapklas beïndruk.

Maar steeds het ek nie geweet watter beroep om te kies nie. Ten spyte van aanlegtoetse, het ek in die lug bly hang. Hoe ons by Perswetenskap (Kommunikasiekunde) aan die Potchefstroomse universiteit (PU vir CHO) uitgekom het, weet ek nie.

Maar eers het die oproepinstruksies vir verpligte militêre diensplig by die Lugmag-gimnasium gewag.

Dit – en my verdere lewensloop – is 'n storie vir 'n ander dag.



Die huis waarin ek op die Daggafonteinmyn grootgeword het. Ek het die foto van Google Maps Streetview afgetrek; dis skynbaar in 2009 geneem toe die huis klaarblyklik onbewoon was. Pa Sam se tuin sou nooit in so 'n toestand gewees het nie – hy het dit altyd pynlik netjies gehou. Die voorhekkie is waarskynlik die oorspronklike uit die jare Sestig toe ons daar gewoon het.

My dank aan dr Wilhelm Bernhardt vir sy raad met die uitleg van hierdie dokument.